

PIETER HUGO
Assistentdirekteur:
Metropool Beheerarea



Prioriteitslysies

Dit is alles Maslow se skuld.

Hy is die eerste ou wat 'n prioriteitslys opgestel het. As jy nog nie van Maslow gehoor het nie, beteken dit jy is nog vasgevang in die basiese oorlewingstryd. Dinge soos kos en klere en 'n dak oor jou kop. Maar die blote feit dat jy nou besig is om die **Kaapse Bibliotekaris** te lees, en veral hierdie *Tussen die lyne*-rubriek, beteken dat jy nie so honger, kaal en aan die elemente uitgelewer is dat jy nie tyd het om aandag te gee aan die hoër-orde dinge van die lewe nie. Selfaktualiserende geestesgoedere soos kuns, kultuur en lees.

Dus, liewe leser, per implikasie aanvaar ek jy weet ten minste van Maslow. Maar ek weet nie of ou Maslow ooit verhuis het nie. Erger nog, of hy ooit 'n huis gekoop het, daaraan laat breek en bou het en, terwyl die bouery nog soort-van aan die gang is, in die nuwe huis ingetrek het nie. Ons het. Heel onlangs. Ek sal vir Maslow nou 'n hele hoofstuk kan byskryf oor daardie deel van die basiese oorlewingstryd wat te doen het met 'n dak oor jou kop.

Ek twyfel ook of Maslow 'n doen-dit-self entoesias was. Een wat glo hy kan eintlik alles self doen, dit geniet om alles self te doen, en natuurlik sakke vol geld spaar in die proses. Ek ken wel so een. Ek leef al lank genoeg met myself saam om myself heel goed te ken. Ek kán mos die badkamerteëls self lê. Ek kán mos die nuwe kamer se deur self hang. Die vensterrame self afskuur en vernis. Die, die, die... Al wat ek nodig het, is die regte gereedskap en 'n bietjie tyd.

Maar tyd is altyd 'n probleem. Wel, nie regtig nie. Die oplossing is om te prioritiseer. Dit werk só: Terwyl my vrou 'n nuwe slotmeganisme in die kombuisdeur vasskroef, sit ek by die rekenaar en maak 'n prioriteitslys van alles wat ons moet doen en koop.

'Pieter', kom sê sy nadat sy die skroewedraaier gebêre het, 'ons het nie meer skoon klere nie. Sal jy die wasmasjien koppel, asseblief?' 'Geen probleem nie, Santie. Sodra ek die lys klaar het.' Ek skuif die wasmasjien op van nommer 91 op die prioriteitslys na nommer 12. 'n Dramatiese tydsbesparing. Terwyl sy die wasmasjien aan sy toevoerkraan koppel, trek my lys al by 148 take.

Teen die tyd dat sy die sitkamervenster se knip vervang het sodat hy nie meer oopwaai in die wind nie, voltooi ek die lys op nommer 206. 'Kom kyk, Santie', sê ek trots, 'alles is op die lys, gerangskik volgens rangorde. Tyd is nie meer 'n probleem nie. Elke ding sal nou op sy tyd gedoen word.'

Sy kom kyk. Terwyl sy haar kop in allesseggende stilte skud, *cut* sy die 'Bou boekrakke' en 'Pak die 67 bokse boeke op rakke' uit hulle plek op posisies 3 en 4 en *paste* hulle op nommers 205 en 206. Op dieselfde manier skuif sy 'Sit gordynrelings op' van nommer 53 na nommer 1 en merk dit *bold*, in rooi nogal.

Ek mompel iets van 'Oor Maslow se dooie liggaam' en begin die skade op die lys regmaak. Toe ek opstaan om te gaan koffie maak, sien ek die gordyne is met wasgoedpennetjies aan die diefwering vasgeknyp.

'Santie! Waar's die koffie? Is dit dan nog nie uitgepak nie?'

'Nee, Pieter, want dis nie op jou prioriteitslys nie. Sit dit gou op. Net ná "Pak die 67 bokse boeke op rakke". Dan sal jy mos sommer Maslow se boek van die rak kan afhaal en kyk waar plaas hy koffie op die hiërargie van behoeftes.'

Ek hoor skaars die laaste deel van haar betoog, want ek pak verwoed bokse uit op soek na die koffie. So verwoed dat ek nie eens die koffiemasjien se geroggel in die kombuis hoor nie.

Ek hoor wel toe Santie reg agter my sê: 'Hier is jou koffie. Dalk moet jy eerder begin soek na jou verlore humorsin.'